


*Figuur 2. Hierdie foto van 'n treinongeluk by Daspoort, dien as onomwonde bewys dat die blokhuis by die Eloff-deurgrawing uit die Anglo-Boereoorlog dateer. Die blokhuis is sigbaar as 'n uitsteeksel op die tweede koppie van links af (Nasionale Kultuurhistoriese Museum: T.E. Andrews-versameling).*



*Figuur 3. Slegs die fondamente van die blokhuis by die Eloff-deurgrawing is vandag sigbaar (foto: F T Dreyer).*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Figuur 4. Oorblyfsels van die Magazine redoubt op Magasynheuwel (foto: F T Dreyer).*

**Hillcrest blokhuis**[30]

**East fort**

Op Strubenkop is 'n groot fortifikasie in 1900 opgerig, naamlik die East Fort. Dit is ook die Eastern redoubt genoem. Hierdie fortifikasie het oor 3 blokhuise beskik.[31] Dit het minstens twee skiettorings gehad. 'n Vyfduim kanon is as bewapening in die fort geplaas.[32]

**Klapperkop blokhuis** (Figuur 5)[33]

**Johannesburg Road redoubt**

'n Reghoekige fondament, met sye van 9,5 x 4,8 m, is nog sigbaar op die terrein.[34]

**Kwaggapoort blokhuis**

Dit moes waarkynlik die spoorlyn bewaak. Die afmetings daarvan is 9,8 x 5,3 m en die mure is nog sowat 1 m hoog.[35]

**Quagga redoubt**

Tekens van 'n L-vormige blokhuis word tans nog op die terrein aangetref (Figuur 6).[36] Hier was ook 'n sinkblokhuis opgerig, waarvan geen teken gevind kon word nie.[37]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Figuur 5. 'n Gedeelte van die oorblyfsels van die Klapperkop blokhuis (foto: A C van Vollenhoven).*

**Vesting blokhuis**(Figuur 7)[38]

**Cable Hill blokhuis 1**

'n L-vormige fondament hiervan is in 1980 opgemeet. Dit is 8,2 x 8,0 m groot. Dit het ongeveer 100 m noordoos van die redoubt gestaan, maar is vernietig met die oprig van radiomaste daar in 1984.[39]

**Cable Hill blokhuis 2**

'n Derde blokhuis is by Cable Hill opgerig, maar geen inligting is hieroor bekend nie.[40]

**Derdepoort**

Die Britte het Derdepoort ook beman.[41] 'n Aantal klippe, wat in 'n sirkel gerangskik is, is al oorblyfsels wat daarvan gevind kon word. Dit is 5,8 m in deursnit.[42]

**Salvokop blokhuis**

'n Foto van 'n blokhuis naby die NZASM-brug aan die oostelike voet van Salvokop is in die argief opgespoor.[43] 'n Deeglike soektog van die area het egter geen oorblyfsels hiervan opgelewer nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Figuur 6. Die fondament van 'n L-vormige blokhuis, wat deel van die Quagga redoubt gevorm het (foto: F T Dreyer).*



*Figuur 7. Die Vesting blokhuis (foto: F T Dreyer).*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

**Wonderboomnek blokhuis**
Oorblyfsels van 'n blokhuis kom oos van Fort Wonderboompoort en wes van Voortrekkersweg voor. Dit is sowat 5,5 m in deursnit en verkeer in 'n baie swak toestand.

**Wonderboom blokhuis**
Nog 'n klipblokhuis is in die omgewing van Wonderboom opgerig. Geen verdere inligting is hieroor bekend nie.[44]

**Daspoortrand-oos blokhuis**
'n Vierkantige fondament kom op die oostelike gedeelte van Daspoortrand (Pierneefrif) voor, noord van die Rietondale proefplaas. Die mure daarvan is 5,4 m lank.[45]

**Daspoort-oos blokhuis**
Wes van bogenoemde blokhuis kom die fondament van nog 'n reghoekige struktuur, 7 x 5 m voor. Dit bestaan uit 2 vertrekke. Dit is oos van die punt waar DF Malanrylaan deur die Daspoortrand sny.

**Daspoort-wes blokhuis**
Die fondament, met sye van 10 x 5,5 m, kom op die rand net wes van die punt waar DF Malanrylaan deur die Daspoortrand sny, voor.

**Daspoortrand-wes blokhuise**
Vier fondamente van reghoekige klipblokhuise is verder na die weste toe, op die Daspoortrand gevind. Een sirkelvormige blokhuis se oorblyfsels is ook hier gevind.[46]

**Klapperkop-pomp blokhuis**
'n Sinkblokhuis is by die pomp, wat water na Fort Klapperkop moes pomp, opgerig.[47] Geen verdere inligting is hieroor bekend nie, maar dit moes waarskynlik die pomp beskerm.

**Schanskop blokhuis 1**
Fondasies van 'n sirkelvormige klipstruktuur is oos van Fort Schanskop gevind.[48] Dit is 7,5 m in deursnit.

**Schanskop blokhuis 2**
'n Tweede sinkblokhuis is by Schanskop opgerig,[49] maar hiervan is niks opgespoor nie.

**Langeberge blokhuis**
Hierdie blokhuis was wes van die Johannesburg Road redoubt geleë. Die afmeting daarvan was 6,2 x 11,0 m.[50] Slegs 'n hoop klippe kom vandag op die terrein voor.[51]



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Figuur 8. Die Meintjieskop blokhuis, omstreeks 1917 (T.A.B. foto 20914).*

**Meintjieskop blokhuis**

Hierdie blokhuis is op Meintjieskop gebou, ongeveer waar die Uniegebou vandag staan. Dit was van klip gebou en moes waarskynlik die noordooste vir gevaar monitor (Figuur8). Geen oorblyfsels daarvan bestaan meer nie.[52]

**Fonteine blokhuise**

Twee sinkblokhuise is by die Fonteine bos, suid van Pretoria opgerig. Een hiervan was noord en een suid van die bos.[53] Tydens 'n argeologiese ondersoek van die gebied, uitgevoer deur personeel van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in 1993, is vyf skanse naby aan die treinspoor hier gevind, wat moontlik hiermee verband hou.[54] Verdere inligting hieroor kon nie opgespoor word nie.

**Rietvlei blokhuis**

'n Sinkblokhuis is ook te Rietvlei, suidoos van die stad opgerig. Geen verdere inligting is hieroor bekend nie.

**Onderstepoort blokhuis**

'n Sinkblokhuis is by die veearts hospitaal, noord van Pretoria opgerig.[55] Hiervan is geen spoor gevind nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## Slot

Die groot hoeveelheid blokhuise wat binne die munisipale grense van Pretoria opgerig is, beklemtoon die belang van die dorp tydens die Anglo-Boereoorlog. Dit kan dan ook onomwonde gestel word dat Pretoria die mees gefortifiseerde gebied in Suid-Afrika is. Omdat daar nie altyd deeglike dokumentasie oor die blokhuise bestaan nie, is dit onmoontlik om die presiese hoeveelheid wat opgerig is te bepaal. Dit wil voorkom of daar 76 blokhuise naby die stad (buite die munisipale grense daarvan) en 89 binne die munisipale grense van die stad opgerig is, 'n totaal van 165. Daar is wel 42 blokhuise binne die munisipale grense van Pretoria waarvan rekenskap gegee kan word [c].

Twintig van laasgenoemde getal is reeds vernietig, terwyl daar van 'n verdere 16 slegs fondamente oor is. In sommige gevalle is hierdie fondamente nog net enkele klippe. Van vier blokhuise staan die mure nog gedeeltelik, terwyl net twee nog oor dakke beskik.

Dit is duidelik dat hierdie waardevolle kultuurhistoriese erfenis gevaar staan om permanent verlore te gaan. Die aanwending daarvan as rusplekke en interpretasiesentrums vir stappers en toeriste is 'n moontlike wyse om te verhoed dat dit vernietig word. Die bestuur en benutting van hierdie kultuurhulpbronne sal sodoende ook 'n voordeel vir Pretoria as geheel inhou.

## Voetnotas

1. J. SELBY, **The Boer War. A Study in Cowardice and Courage** (London 1969), pp. 50-57 en 166; P. WARWICK en S.B. SPIES (reds.), **The South African War. The Anglo-Boer War 1899-1902** (London 1980), pp. 56, 78-79, 86-88 en 97-98.
2. T.E. ANDREWS-versameling, **Britse Blokhuise en -Blokhuislinies in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog (g.d.)**; T.E. ANDREWS-versameling, **The Evolution of the Blockhouse system in South Africa** (g.d.).
3. T.E. ANDREWS-versameling, **The Evolution of the Blockhouse system in South Africa (g.d.)**; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: A 1619: E.H. BETHELL, The Blockhouse system in the South African War, in **Professional papers of the Royal Engineers**, p. 16.
4. T.E. ANDREWS-versameling, **Britse Blokhuise en - Blokhuislinies in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog (g.d.)**; T.E. ANDREWS-versameling, **The Evolution of the Blockhouse system in South Africa (g.d.)**; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: A 1619: E.H. BETHELL, The Blockhouse system in the South African War, in **Professional papers of the Royal Engineers**, p. 286.
5. T.E. ANDREWS-versameling, **Britse Blokhuise en -Blokhuislinies in Suid-**



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

**Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog (g.d.)**; T. PAKENHAM, Die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, in T. CAMERON en S.B. SPIES (reds.), **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld** (Kaapstad 1986), p. 215.

6. R. TOMLINSON, British Blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 14.
7. F.J. DU T. SPIES, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. ENGELBRECHT (red.) ea., **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria** (Pretoria 1955), p. 102; B. THOMSON, The forts of Pretoria - our vanishing history, **Lantern** (1989-05), p. 78.
8. Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, CRE 5659, List of Blockhouses in the Pretoria District and on the Northern line, 1902-05-16.
9. A.C. VAN VOLLENHOVEN, **'n Histories-argeologiese ondersoek na die militêre fortifikasies van Pretoria (1880-1902)** (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP 1992), pp. 175-223.
10. F.J. DU T. SPIES, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. ENGELBRECHT (red.) ea., **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria** (Pretoria 1955), p. 102; B. THOMSON, The forts of Pretoria - our vanishing history, **Lantern** (1989.05), p. 78.
11. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), pp. 11-29.
12. D.C. PANAGOS & L. FABER, Aerial location of fortifications of the Anglo Boer-War 1899-1902 using a microlight aircraft. **Military History Journal** 7(6) 1988, pp. 208-212; T.E. ANDREWS-versameling, Kaart van Pretoria en omliggende gebied (1908) **Pretoriana** (1994.03), pp. 11-29.
13. P. MINNAAR, Die forte om Pretoria. **Africana vereniging van Pretoria nuusbrief** (92) (1993.08), p. 5; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 14.
14. F.J. DU T. SPIES, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. ENGELBRECHT (red.) ea., **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria** (Pretoria 1955), p. 106; F.J. DU T. SPIES, Forte en verskansings om Pretoria, **Pretoriana** (1955.07-1955.09), p. 79.
15. M. EMMS, East Fort - A Monument to the Vandals. Strubenskop, **Pretoriana** (1979.09-1979.12), p. 48; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), pp. 16-17.
16. J.A. VAN SCHALKWYK (**et.al.**), **'n Opname van kultuurhulpbronne in die Akasia munisipale gebied** (Sunnyside 1994), pp. 10-11; M. EMMS, East Fort - A Monument to the Vandals. Strubenskop, **Pretoriana** (1979.09-1979.12), p. 48; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 15.
17. A.C. VAN VOLLENHOVEN, **Die militêre fortifikasies van Pretoria 1880-1902.**



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

**'n Studie in die historiese argeologie**. (Pretoria, 1995), p. 98.

18. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), pp. 133-134.
19. A.C. VAN VOLLENHOVEN, **Die militêre fortifikasies van Pretoria 1880-1902. 'n Studie in die historiese argeologie**. (Pretoria, 1995), pp. 90-105.
20. R. TOMLINSON, Letter to the editor, **Pretoria historical society newsletter** (184) (1995.01), p. 4; R.TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 15.
21. M. EMMS, East Fort - A Monument to the Vandals. Strubenskop, **Pretoriana** (1979.09-1979.12), p. 46; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 15; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: Foto 13542.
22. F.J. DU T. SPIES, Forte en verskansings om Pretoria, **Pretoriana** (1955.07-1955.09), p. 79; T.E. ANDREWS-versameling, **The Evolution of the Blockhouse system in South Africa (n.d.)**; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: A 1619: E.H. BETHELL, The Blockhousse system in the South African War, in **Professional papers of the Royal Engineers**, pp. 283-285.
23. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), pp. 13 en 17.
24. Nasionale Kultuurhistoriese Museum: HG 26213, kaart: Pretoria and environs, Field Intelligence Office, 1902; Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: 2/88, kaart: Pretoria and Environment, Mines Department - Geological survey of the Transvaal, (1904-1905).
25. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), pp. 140-141; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 18; Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: T.E. Andrews-versameling.
26. F.J. DU T. SPIES, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. ENGELBRECHT (red.) ea., **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria** (Pretoria 1955), p. 107; F.J. DU T. SPIES, Forte en verskansings om Pretoria, **Pretoriana** (1955.07-1955.09), p. 79; Transvaalse Argiefbewaarplek; Pretoria: 2/88, kaart: Pretoria and Environment, Mines Department - Geological survey of the Transvaal, (1904-1905); R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 15.
27. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902)**



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

**in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), p. 147.

28. M. EMMS, **Pretoriana** (1978.03-1978.06), p. 84: M. Emms - The Editor, 1978.05.14; J.N. KIRKNESS, **Pretoriana** (1979.09-1979.12), p. 99 : J.N. Kirkness - The Editor, 1978.11.22.
29. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: HG 26213, kaart: Pretoria and environs, Field Intelligence Office, 1902; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 13; F.J. DU T. SPIES, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, **in** S.P. ENGELBRECHT (red.) ea., **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria** (Pretoria 1955), p. 106; F.J. DU T. SPIES, Forte en verskansings om Pretoria, **Pretoriana** (1955.07-1955.09), p. 78; T.E. ANDREWS-versameling, Kaart van Pretoria en omliggende gebied, (1908).
30. Militêre Museum Fort Klapperkop, Pretoria : Mnr. T.E. Andrews, persoonlike onderhoud, 1990.11.23.
31. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), p. 133.
32. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03) pp. 13 en 19.
33. M. EMMS, East Fort - A Monument to the Vandals. Strubenskop, **Pretoriana** (1979.09-1979.12), p. 48; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 18.
34. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), p. 146.
35. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 17; A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), p. 145.
36. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), pp. 13 en 19.
37. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), p. 133.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

38. F.J. DU T. SPIES, Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria, in S.P. ENGELBRECHT (red.) ea., **Pretoria (1855-1955) Geskiedenis van die stad Pretoria** (Pretoria 1955), p. 106; F.J. DU T. SPIES, Forte en verskansings om Pretoria, **Pretoriana** (1955.07-1955.09), p. 79; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 15.
39. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), pp. 15.
40. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), p. 133.
41. M. EMMS, East Fort - A Monument to the Vandals. Strubenskop, **Pretoriana** (1979.09-1979.12), p. 48.
42. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), p. 135.
43. Transvaalse Argiefbewaarplek; Pretoria: Foto 20325; R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, (1994.03), p. 15.
44. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), pp. 133-135.
45. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1944.03), pp. 15.
46. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), pp. 15 en 17; A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), pp. 137-139.
47. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), p. 133.
48. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 15.
49. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), pp. 133 en 147.

50. R. TOMLINSON, British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902, **Pretoriana** (1994.03), p. 17.

51. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), pp. 145-146.

52. A.C. VAN VOLLENHOVEN, **Die fortifikasies van Pretoria**, Interne lesing van die Departement Vakkundige Dienste aan die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria (1993.03), p. 6.

53. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), p. 134.

54. J.A. VAN SCHALKWYK & S.M. MOIFATSWANE, **'n Argeologiese ondersoek van die Fonteinedalgebied, geleë op die plaas Groenkloof 358-JR, Pretoria** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1993), pp. 17-19.

55. A.C. VAN VOLLENHOVEN & J.W. VAN DEN BOS, **'n Kultuurhulpbronstudie van die Britse blokhuisstelsel van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die voormalige Transvaal (Zuid-Afrikaansche Republiek)** (Ongepubliseerde verslag, Nasionale Kultuurhistoriese Museum 1997), pp. 133-134.

## Notas

a. Die term fortifikasie is 'n versamelnaam, wat alle plekke wat militêr versterk is insluit. Hieronder tel blokhuise, forte, redoubts, skanse ens. 'n Blokhuis verwys na 'n soort fortifikasie, naamlik 'n klein gebou, wat slegs met hand- en skouerwapens verderig word.

b. Dit moet waarskynlik Swawelpoort wees.


c. Ten einde die fortifikasies te beskerm, word 'n kaart nie by die artikel ingesluit nie. Sodoende sal die ligging daarvan nie bekend wees nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# ONTSNAP!! TWEE VERHALE VAN KRYGSGEVANGENE-ONVLUGTING MET 'n PRETORIA VERBINTENIS TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG (1899-1902)

# ESCAPE!! TWO STORIES OF PRISONER OF WAR ESCAPE WITH A PRETORIA CONNECTION DURING THE ANGLO-BOER WAR (1899-1902)



Anton Pelser
Nasionale Kultuurhistoriese Museum
De Villiershof
Mears str.139
Sunnyside
0132
E-Pos: Antonsx2@nchm.co.za

*Figuur 2. J.L.de Villiers in sy Indiër mondering (Uit De Villiers 1903)*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# Inleiding

Oorlog gaan gewoonlik gepaard met die gevangeneem van honderde en selfs honderdeduisende vyandelike krygsgevangenes. Vir enige soldaat is die gedagte aan gevangeneming deur die vyand byna ondenkbaar en is die vrees vir die verlies van sy vryheid, en die vernedering wat daarmee gepaard gaan, amper groter as die vrees vir die dood. Die geskiedenisboeke is vol verhale van soldate en krygsgevangenes wat alles moontlik probeer het om gevangeneskap te vermy of om uit die vyand se kloue te ontsnap. 'n Mens dink byna onwillekeurig aan Japanese soldate tydens die Tweede Wêreldoorlog wat of tot die dood toe geveg het of massaselfmoord gepleeg het, eerder as om die vernedering van gevangeneskap deur te maak. Dan is daar ook die film "The Great Escape", die ware verhaal van Britse krygsgevangenes gedurende die Tweede Wêreldoorlog wat alles probeer het om uit Duitse krygsgevangenekampe te ontsnap.

Die Anglo-Boereoorlog is geen uitsondering nie en daar is volop verhale oor krygsgevangeneskap aan beide kante en oor pogings (suksesvol en onsuksesvol) om uit vyandelike hande te ontsnap. Hierdie artikel handel oor twee sulke verhale.

# Die verhaal van J.L de Villiers

Die verhaal van J.L. de Villiers se ontsnapping uit 'n Britse krygsgevangenekamp in Indië, is seker een van die merkwaardigste stories i.v.m so 'n onderneming tydens die Anglo-Boereoorlog.

J.L. de Villiers is in 1871 in die Paarl gebore waar hy sy skoolopleiding aan die Gimnasium Jongenskool ontvang. Na skool begewe hy homself na Brittanje waar hy as siviele ingenieur opleiding ontvang. Met afloop van sy studies aanvaar hy 'n betrekking as ingenieur in Pretoria. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 word hy deur die ZAR regering opgekommandeer en hy sluit hom by die Boeremagte aan as 'n offisier. In 1901 word hy gevange geneem en na 'n Britse Krygsgevangenekamp in Indië gestuur.

# Aankoms in die Kamp

Op 4 Junie 1901 arriveer J.L de Villiers saam met ongeveer 500 ander Boerekrygsgevangenes aan boord die Britse transportskip "The City of Cambridge", by Madras in Indië. Van Madras is hulle per spesiale trein na Trichinopoly, die kamp waar hulle aangehou sou word, 'n afstand van ongeveer 340 km vanaf Madras. Omdat hulle die eerste krygsgevangenes was wat daar aangekom het, was daar 'n paar fotograwe op die stasie om hulle af te neem. De Villiers skryf oor die verwagtinge van die krygsgevangenes en hul aankoms in die kamp[**Ons het díe verwagtinge gekoester dat ons kamp geleë sou wees in 'n bergagtige**



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

**streek begroei met weelderige Indiese plante, waarvan 'n mens dikwels sulke mooi beskrywings in boeke aantref. Wat was dus ons teleurstelling toe ons by die kamp aankom en sien dat die kamptente in 'n uitgestrekte vlakte opgeslaan was, waar juis in daardie tyd van die jaar 'n droeë, warm stofwind met groot hewigheid byna die hele dag gewaai het. Boonop was water uiters skaars in daardie streek]**(De Villiers, 1903:16-17).

Volgens De Villiers het, hoewel die gesondheidstoestand van die burgers in Trichinopoly nie ongunstiger was as in die kampe op ander plekke in Indië nie, die ongelooflike warm weer, die gebrek aan water, en die onaangename stofwinde die lewe uiters onplesierig gemaak. Díe, en ander faktore, was van die belangrikste beweegredes agter sy besluit om te ontsnap**[Die meeste van ons was gewoon aan die vryheid van die veld en kon maar nie aan hierdie soort lewe gewoon raak nie]**(De Villiers, 1903:18) en **[Nadat ons 'n paar maande in die kamp vertoef het, het 'n paar van die burgers met meer ondernemingsgees begin om planne te beraam om uit die gevangeskap met al sy onaangenaamhede te ontsnap]**(De Villiers, 1903:20).

## Planne om te ontsnap


Om uit Trichinopoly te ontsnap sou geensins maklik gewees het nie want **[die kamp was voorsien van 'n dubbele omheining van draad wat tussen albei rye van pale nog ook oorkruis gespan was, en die ruimte op die grond was opgevul met turksvye-en doringtakke. Die kamp is dag en nag bewaak deur 'n groot aantal skildwagte wat op kort afstand van mekaar met gelaaide gewere op wag staan. En daarby nog het die elektriese lampe op hoë pale rondom die kamp dit byna onmoontlik gemaak om in die nag te ontsnap]**(De Villiers, 1903:21) (Figuur 1). Om dinge verder te bemoeilik het die Britse regering in Indië ook 'n geldelike beloning van 50 rupees (ongeveer 3 pond in daardie dae) uitgeloof vir enige inligting aangaande ontsnapte krygsgevangenes. Ten spyte van al die teenmaatreëls en die gevare verbonde aan so 'n onderneming, het die drang na vryheid twee Boere-offisiere tog laat poog om te ontsnap. Op 26 Desember 1901 het hulle toe wel vrygekom, maar hulle vryheid was van korte duur voor hulle deur die plaaslike bevolking aan kampowerhede uitgelewer is.

Dat die drang na vryheid tydens krygsgevangeneskap byna ondraaglik is en enigiets gedoen sal word om dit te herwin, word duidelik deur De Villiers beklemtoon**[Geensins ontmoedigd deur die mislukte pogings van die ander, het ek ernstig daaroor begin dink om my voorneme om te ontsnap uit te voer. Ek was bereid om enigiets te waag liewers as om nog 'n somer in die kamp deur te bring]**(De Villiers, 1903:28). Selfs nie die mislukte poging van die twee Boere-offisiere kon hom van stryk bring nie **[...maar die laaste ontsnapping waarvoor twee van ons burgers so swaar gestraf is** (56 dae tronkstraf met



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

harde arbeid, met die doel om ander voornemende ontvlugtendes te ontnugter)**, het ons begeerte om die owerhede tog eenmaal 'n goeie poets te bak versterk]**(De Villiers, 190:28). De Villiers het egter besluit om alleen te werk, om so die kanse op mislukking te verminder.




*Figuur 1. Skets van Trichinopoly Kamp deur J.L.de Villiers (Uit De Villiers 1903)*

Hy het begin beplan, en verskeie planne, die een minder uitvoerbaar as die ander het by hom opgekom, slegs om weer verwerp te word. Toe het hy een middag aan die volgende uitstekende, amper ongelooflike, plan gedink. Hy het opgemerk dat die oskar van die Indiërwinkel in die kamp elke middag, met die Indiërs agter die kar, by die hek uitgelaat is sonder dat veel aandag daaraan gegee is. Hy het dadelik besef dat hier dalk 'n gulde geleentheid was om te ontsnap, mits hy homself as 'n Indiër kon vermom en saam met



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die ander agter die oskar kon uitglip. Hy sou egter baie noukeurige voorbereidings moes tref om die plan te laat slaag**[Dit was in die eerste plek nodig om uit te vind of die kar en die koelies by die hek nie gevisenteer word nie, of hulle by hulle vertrek 'n pas moes vertoon, en ook of die kar moes wag tot die ander koelies wat in die winkel werk by die hek aankom. En verder moes ek seker maak of die koelies, nadat die winkel gesluit is, elke aand saam met die kar of later die kamp verlaat]**(De Villiers, 1903:30).

De Villiers het vir geruime tyd die gebeurlikhede rondom die oskar by die hek dopgehou. Hy het gemerk dat, sodra die kar by die hek aankom die wagte die hek oopgesluit het, selfs al was die Indiërs wat nog in die winkel was nie saam nie. Sodra die kar uit was is die groot hek weer gesluit. Die ander Indiërs, wat besig was om die winkel te sluit, is 'n paar minute later by 'n klein hekkie uitgelaat. Soms het ook hulle agter die oskar by die groot hek uitgestap. 'n Pas was nie nodig nie en hulle is nooit deursoek nie. De Villiers het geweet dat hy 'n kans op sukses gehad het. Hy sou homself egter moes vermom en voordoen as een van die Indiërs wat in die winkel in die kamp gewerk het. Die belangrikste was om die nodige klere vir sy beplande vermomming in die hande te kry.

Die eerste kledingstuk wat hy in die hande moes kry was 'n turban, 'n dun wit doek wat om die kop gedraai word. Die materiaal vir die turban het hy bekom deur geld aan een van die Indiese bediendes wat hulle gehuur het te gee, met die veronderstelling dat hy dit vir lakens wou aanwend. Omdat hy nie geweet het hoe om die turban te draai nie, het hy weereens die bediende se hulp ingeroep, sonder om hom onraad te laat merk **[Ek sou hom wys maak dat ons die turban vir 'n toneelopvoering nodig het. Elkeen, en dus ook ons bediendes, het geweet dat ons verskeie verenigings in die kamp gehad het]**(De Villiers, 1903:35). Hy moes ook 'n lang wit baadjie, soos díe wat in groot dele van Indië gedra is, in die hande kry. Hy het sy bediende díe laat koop, met die idee dat hy (De Villiers) dit vir hom sou hou sodat hy (die bediende) elke dag 'n skoon een kon aantrek wanneer hy kamp toe kom. 'n Paar krieketskoene, waarvan hy die punte afgesny het, het die mondering afgerond. Die moeilikste deel was egter om 'n middel te kry waarmee hy homself kon swart smeer **[Ek het verskeie proewe gemaak todat ek my toevlug geneem het tot 'n drukink waarvan ek 'n klein botteltjie in my besit gekry het. Die ink was weliswaar 'n bietjie dik en te swart, maar ek het die beswaar ook uit die weg geruim deur die ink met parafien te meng. Dit was darem nog nie die regte nie. Nadat ek dit op my hande probeer het, het dit my voorgekom dat die sweetgaatjies nog te sigbaar en te wit was. Na enige beraadslaginge en verdere proewe het ek tot die gevolgtrekking gekom dat swartgebrande kurk ook kon gebruik word]** (De Villiers, 1903:36-37).

Bo en behalwe 'n vermomming moes de Villiers ook ander voorbereidings tref om sy ontsnapping te laat slaag. Hy moes byvoorbeeld uitvind wat 'n treinkaartjie kos en wat die beste klas was om in te reis **[...want as ek by die stasie, waar die hele personeel uit**



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

**Indiers bestaan 'n tweedeklas reiskaartjie neem, sou ek, in geval soiets nie aan koelies vergun word nie, verplig word om my in 'n gesprek met hulle te wikkel. Op die manier het ek gevaar geloop dat al my planne verraai sou word**](De Villiers, 1903:38). Hy moes ook bepaal watter trein en roete die geskikste sou wees om van Trichinopoly weg te kom en na Pondicherry in Franse grondgebied te gaan. Sy plan was om dan van daar 'n skip na Marseille in Frankryk te neem en dan na Brittanje en uiteindelik Suid-Afrika. Hy het ook selfs geleer om sekere name en woorde reg uit te spreek sodat hy nie te veel aandag sou trek nie.

## Sukses!!

Na maande se voorbereidings en beplanning het die groot dag uiteindelik aangebreek. De Villiers het besluit om op 10 Maart 1902 sy planne tot uitvoer te bring. Omdat hy nie in die aand na die afteken van die presensielys sou tyd hê nie, het hy die middag van die tiende reeds sy hele lyf, behalwe gesig en arms, swart gesmeer. Hy het ook sy gewone klere bo-oor sy Indiër vermomming getrek en [**My skeermes, skeerkwas, 15 tot 20 swartgebrande kurke is alles in orde gesit om dadelik nadat ek die presensieboek geteken het my verder klaar te maak vir my vermomming**](De Villiers, 1903:47). Hy het ook met sy vertrouelinge gereël dat hulle die Britse sersant wat rondgegaan het met die presensieboek moet kry om eerste na hulle toe te kom [**want die volgende aflees van name sou eers teen sesuur die volgende oggend geskied en die owerhede sou nie my afwesigheid voor die tyd kon ontdek nie**](De Villiers, 1903:49). Hy sou dan hopelik reeds baie ver op sy ontsnappingsroete gevorder het.

Na die teken van die presensieboek het een van sy vriende sy bokbaard afgeskeer, asook sy snor in die styl wat die Indiërs dit gedra het. Een van sy ander vriende het intussen sy hande, arms en gesig swart gesmeer. Sy vermomming was gereed en die tyd om sy planne uit te voer het aangebreek [**Dit was toe omtrent halfsewe. Ek het binne 'n kwartier heeltemal van gedaante verander**](De Villiers, 1903:50). Sy vermomming was so goed dat niemand hom herken het nie [**...toe ek by een van die hutte verbygaan, waar die sersant juis besig was om die name af te lees, hoor ek een van die burgers sê: 'Maar, hoor, dit is 'n swart koelie.' Hoewel die aandag van die mense op díe manier op my gevestig was, het niemand my herken nie. Dit het my gerusgestel, want ek was seker dat ook die Engelse my vir 'n koelie sou aansien**](De Villiers, 1903:51) (Figuur 2). De Villiers het aangestap en soos beplan die oskar naby die hek ontmoet. Hy moes sorg dat die Indiër by die kar hom nie sien nie, en het dus agter die kar bly staan toe dit by die hek stilhou. Hy beskryf die res van die ontsnapping [**Die hek gaan na die binnekant oop. Die polisiewag het dus met die hek verby die os gegaan en bly regoor my staan. Dit het egter nie lank geduur nie. Toe die hek oop was, het die kar voortgery, en ek gryp die kap van die kar asof ek by die kar behoort. Die koelie voorop was te besig met sy os**



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

**om op te let wat agter gebeur. Op die manier het ek dus met die kar deur die groot hek gestap. Die kar het links agter die waghuisies afgedraai, terwyl ek langs die grootpad gegaan het, reg tussen die hutte van die Engelse troepe, op die hoofweg na Trichinopoly]**(De Villiers, 1903:54).

Die details van die res van J.L. de Villiers se suksesvolle ontsnapping is nie relevant nie. Na vele ontberings en 'n paar noue ontkomings het hy uiteindelik by Pondicherry op Franse grondgebied aangekom. Hier moes hy amper 6 weke wag voor hy die regte geleentheid gekry het om met 'n Noorse vragskip na Marseille te vertrek. Díe seereis was ook nie sonder voorval nie en was dit nie vir die Noorse kaptein se goedgesindheid nie sou hy waarskynlik in Aden, waar hulle anker gegooi het om kole te laai, deur die Britte gevange geneem geword het. Na 'n reis deur Europa saam met van sy familie, het hy uiteindelik op 2 Desember 1902, aan boord die Britse passasiersboot Norman Castle, in Suid-Afrika aangekom. Na die oorlog keer hy nie terug na sy ingenieurs betrekking in Pretoria nie, maar vestig hom in die Paarl. Daar tree hy in vennootskap met 'n plaaslike ingenieursfirma en is hy mede-verantwoordelik vir die oprig van die Noorder-Paarl Kerkgebou met die bou waarvan sy firma belas was. As gevolg van 'n kroniese verkoue wat hy tydens die oorlog gekry het en wat met sy ontberinge in Indië vererger is, het hy 'n ongeneeslike siekte opgedoen. Hy beswyk hieraan in 1910 aan die Paarl in die ouderdom van 39 jaar. Die mondering wat hy as vermomming gebruik het is op uitstalling by die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein.

Die verhaal van J.L. de Villiers en sy ontsnapping uit 'n Britse krygsgevangekamp in Indië is boeiend en vergelyk met van die beste verhale oor soortgelyke ervarings tydens ander oorloë. Dit is 'n uitstekende voorbeeld van die mens se drang na vryheid en wat hy alles sal probeer en deurmaak om dit terug te kry.

## Winston Churchill escapes from a Boer prison

Probably one of the best known and most famous prisoner of war escape stories from the Anglo-Boer War is the one about Winston Churchill, the man who later became one of the greatest statesmen Britain and the world has ever known.

